higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INKOMSTEBELASTING N6

(4010206)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 1 addendum.

137Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INKOMSTEBELASTING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende transaksies BELASBAAR of NIE-BELASBAAR is nie, deur slegs 'Belasbaar' of 'Nie-belasbaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 'n Lomp som wat uit 'n versekeringspolis uitbetaal is.

1.2 'n Toekenning vir dapperheid ter waarde van R4 500 wat 'n werkgewer aan 'n werknemer betaal het.

1.3 Werkloosheidsversekeringsfonds wat deur die werknemer ontvang is terwyl hy/sy nie gewerk het nie.

1.4 Rente-vrye lenings aan werknemers vir verdere studie waarvoor die werknemers 'n ooreenkoms onderteken het om die lening terug te betaal indien hulle sou druip.

1.5 Die rantsoene wat deur die werkgewer aan werknemers gegee/geneem word.

1.6 Lomp som van R60 000 wat die werknemer by onttrekking van 'n aftredepolis ontvang het.

1.7 Kommissie deur werknemer ontvang vir beste werknemer van die jaar.

1.8 Lotto-wengeld.

1.9 Wengeld uit 'n boerpot by die Durbanse perderesies.

1.10 Uittreeloon vanaf 'n werkgewer.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Blessing, 38 jaar oud, geskei, sonder enige kinders het die volgende inligting aan jou verskaf:

DETAIL	RAND
Maandelikse salaris	25 000
Onderhoud van voormalige man	36 000
Rente op belastingvrye belegging	1 050
Rente op ander beleggings	30 000
Bydrae tot pensioenfonds	1 600
POF-bydrae	2 050
Verhuisingstoelaag deur werkgewer	50 000
Die werkgewer het akkommodasie verskaf (Blessing het vir 9 maande verblyf in 'n gemeubileerde viervertrek huis, met krag wat deur die werkgewer verskaf is, ontvang. Haar maandelikse salaris van R25 000 het 'n verhoging van 10% vanaf die vorige jaar ingesluit.	

Gebruik die gegewe inligting om die belasbare inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 te bereken. (20)

Kopiereg voorbehou

2.2 Bafana Meubels BK het op 1/7/2019 'n huurooreenkoms van 10 jaar vir bykomende fabriekgeboue aangegaan en Bafana Meubels BK het ooreengekom om die volgende te betaal: jaarlikse huur van R55 000, huurpremie van R20 000 en verbeteringe en uitbreidings aan die bestaande gebou teen 'n koste van R70 000. Die verbeteringe het R90 000 beloop en is op 1/11/2019 voltooi.

Bepaal die belastingimplikasies vir Bafana Meubels BK op grond van die transaksies vir die belastingjaar geëindig 29 Februarie 2020. (15)

2.3 Mark, 'n Suid-Afrikaanse burger van 67 jaar oud ontvang die volgende beleggingsinkomste tydens die belastingjaar:

Bruto inkomste	50 500
Suid-Afrikaanse dividende	5 600
Buitelandse dividende van 'n ongenoteerde maatskappy	4 800
Rente op 'n Suid-Afrikaanse bankrekening	35 000

Verlang:
Bereken Mark se belasbare inkomste vir die belastingjaar geëindig 29/02/2020. (5)
[40]

VRAAG 3

Petunia Ndou is 35 jaar oud en ongetroud. Sy het die volgende inligting vir die huidige belastingjaar verskaf. Sy het die inkomste ontvang en aftrekkings gehad soos aangedui:

	RAND
Salaris	380 000
Bonus	18 000
Pensioenfondsbydraes	8 000
Uittree-annuïteitsfondbydraes	1 500
Dividende van 'n S.A. maatskappy ontvang	4 000
Dividende van 'n Britse maatskappy ontvang. Sy het 8% van die aandele gehou. Sy het na 'n aftrekking van R4 200 terughoubelasting dividende van R42 3000 ontvang.	
Rente in S.A. ontvang (belastingvrye belegging)	5 000
Buitelandse rente verdien	8 000
Donasies wat gedurende die jaar gemaak is: Universiteit van Venda (kwitansies is verkry) Openbare weldaadorganisasie (kwitansies is verkry) Nie-publieke organisasies	 6 000 2 500 400
Mediesefondsbydrae: Petunia : Werkgewer	12 000 12 000
Petunia het bykomende kwalifiserende mediese uitgawes van R20 000 aangegaan omdat sy gestremd is.	

Verlang:
Bereken Petunia Ndou se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 29/02/2020. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Olivia Green besit 'n plaas naby Groblersdal waar sy kool verbou wat sy aan die plaaslike varsproduktemark verskaf. Sy hou ook beeste aan wat sy aan die slagpale verkoop. Sy het die volgende uittreksel verskaf:

Inkomste	Rand
Groenteverkope	4 950 000
Verkope van sand op die plaas	289 000
Verkope aan die slagpale	3 980 000
Uitgawes	
Saad en misstof aangekoop	250 000
Nuwe skuur opgerig	400 000
Nuwe diptenk aangeskaf	300 000
2 trekkers en 'n ploeg aangekoop (op 1 Oktober 2019)	500 000
Lone vir die plaasarbeiders	45 000
Lone vir die konstruksie van 'n dam	60 000
Konstruksie van 'n dam	95 000
Rente betaal op lening om die damkonstruksie te finansier	25 000
Aanlê van elektrisiteit na die nuwe skuur	200 000
Algemene boerdery-uitgawes (vir boerderydoeleindes aftrekbaar)	100 000

Bykomende inligting:
1. Beeste voor hande tydens die huidige jaar van aanslag.

	1 Maart	29 Februarie
Markwaarde	1 220 000	105 0000
Standaard waarde	710 000	820 000

Twee koeie met 'n markwaarde van R6 000 elk (standaard waarde van R40 elk en kosprys van R3 000 elk) is vir hul jaarlikse afskeidsfunksie aan die plaaslike laerskool geskenk. Olivia het 'n Artikel 18A-sertifikaat vir die donasie aan die laerskool ontvang. Drie koeie is vir die werknemers op die plaas se rantsoene geslag en twee koeie is vir Olivia Green en haar familie geslag.

2. Produkte voor hande tydens die jaar van aanslag

Geoes en gereed vir die mark	1 Maart	29 Februarie
Kosprys	100 000	180 000
Markwaarde	155 000	182 000

Verlang:
Bereken Olivia Green se belasbare inkomste vir die jaar geëindig 29/02/2020. **[42]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Bricks (Edms.) Bpk. is 'n klein sakeonderneming soos gedefinieer en 'n vervaardigingsmaatskappy. Die maatskappy se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag geëindig 31 Maart 2020 het R3 500 000 beloop voordat die volgende inligting in ag geneem is. Alle bedrae sluit BTW uit tensy anders aangedui.

	Rand
Grondstof: aanvangsvoorraad: 1/04/2019 : sluitingsvoorraad : 31/03/2020	430 575 887 260
Patent	18 000
'n Masjien wat direk in die vervaardigingsproses gebruik word, is op 1 Februarie 2020 tweedehands vir R159 600 (BTW ingesluit) gekoop en is op dieselfde dag in gebruik geneem.	
'n Nuwe rekenaar is op 1 Junie 2018 gekoop.	33 200
'n Tweedehandse motorfiets is op 1 November 2019 vir R60 000 vir aflewerings aangekoop. Op 31 Januarie 2020 is die motorfiets geskrap nadat dit in 'n ongeluk beskadig is.	
Fabriek opgerig	200 000
Salarisse	150 000
Slegste skuld op 31 Maart 2020 afgeskryf	15 000
Reklamekoste	4 500
Lys van twyfelagtige skuld 31 Maart 2019	8 000
Lys van twyfelagtige skuld 31 Maart 2020	8 600
Versekeringspremie betaal	2 000
Donasie aan TBOO-kollege ('n kwitansie is verkry)	9 000

Verlang:
Bepaal die belastingaanspreeklikheid van Bricks (Edms.) Bpk. vir die jaar geëindig 31 Maart 2020. **[38]**

VRAAG 6

Tom (Edms.) Bpk. is 'n kleinsakekorporasie vir belastingdoeleindes. Hulle het hul inkomstebelasting vir 2019/2020 teen R650 000 geskat nadat hulle in Junie 2019 hul 2018/2019-belastingaanslag op hul belasbare inkomste van R510 000 ontvang het. 'n Ongeouditeerde syfer in Februarie het 'n totale belasbare inkomste van R500 000 getoon.

Verlang:
1. Bereken die eerste voorlopige betaling (dui die datum en die vorm wat gebruik moet word aan). (12)
2. Bereken die tweede voorlopige betaling (dui die datum aan). (8)
[20]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

BELASTINGKOERSE BETAALBAAR VIR DIE JAAR VAN AANSLAG EINDIGEND 29 FEBRUARIE 2020		
BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGKOERSE	RAND
0 – 195 850	18% vir elke R1	
195 851 – 305 850	35 253 + 26% van die bedrag meer as	195 850
305 851 – 423 300	63 853 + 31% van die bedrag meer as	305 850
423 301 – 555 600	100 263 + 36% van die bedrag meer as	423 300
555 601 – 708 310	147 891 + 39% van die bedrag meer as	555 600
708 311 – 1 500 000	207 448 + 41% van die bedrag meer as	708 310
1 500 001 en meer	532 041 + 45% van die bedrag meer as	1 500 000

KORTINGS:	RAND
Primêre	14 220
Sekondêre korting (persone 65 en ouer)	7 794
Tersiêre korting (persone 75 en ouer)	2 601

BELASTINGDREMPEL	RAND
Onder 65	79 000
Ouderdom 65 tot 75	122 300
Ouderdom 75 en ouer	136 750

LOMPSOM-AFTREEVOORDEEL OF DIENSBEËINDIGINGSVOORDEEL		
BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGKOERSE	RAND
0 – 500 000	0% van belasbare inkomste	
500 001 – 700 000	18% van belasbare inkomste meer as	500 000
700 001 – 1 050 000	36 000 + 27% van belasbare inkomste meer as	700 000
1 500 001 en meer	130 500 + 36% van belasbare inkomste meer as	1 050 000

KOERSE BETAALBAAR VIR KLEIN SAKEKORPORASIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 1 APRIL EN 31 MAART 2020		
BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGKOERSE	RAND
0 – 79 000	0% van belasbare inkomste	
79 000 – 365 000	7% van belasbare inkomste meer as	79 000
365 001 – 550 000	20 020 + 21% van belasbare inkomste meer as	365 000
1 500 001 en meer	58 870 + 28% van belasbare inkomste meer as	550 000

Kopiereg voorbehou